# 23 November 2025
# Saam bring ons Christus aan almal

STRAND-NOORD
NG GEMEENTE

## Ontmoet

**Biddag vir Beskermingsdienste**
**Erediens & Aanlynboodskap 09:30**
**Nicea en ONS kerk**
**Josua 24:1-2, 14-18**
**Deuroffer: Paarl Skool**
















**Sondag 30 November 2025** - Erediens & Aanlynboodskap 09:30, Kinderkerk 09:30, Aandkerk 18:00

## Ontwikkel

**Leesrooster:**
23 November: Jeremia 23:1-6; Psalm 46; Kolossense 1:11-20; Lukas 23:33-43
30 November: Jesaja 2:1-5; Psalm 22; Romeine 13:11-14; Matteus 24:36-44

**Kerkkantoor gesluit**
Die kantoor sal op Donderdag 27 November gesluit wees vir die personeel afsluiting.

# Ontferm

**"Ons bid saam vir…"**



- Elize Coetzee van Jurgensstraat.
- Leon de Jager Raleighstraat.
- Ons terreinwerker, Michael, se ma is oorlede.
- Susara Pienaar van Strandsig is oorlede, die gedenkdiens vind 22 November om 11:00 vanuit ons gemeente plaas.
- Salie Wilke van Millstraat is oorlede, die gedenkdiens vind 28 November om 11:00 vanuit ons gemeente plaas.
- Al die kinders wie eksamen skryf.

---

**Kankerondersteuningsgroep**



Hierdie bymekaarkomgeleentheid, onder leiding van Kobie & Hugo du Preez, is hoofsaaklik gemik om in liefde om te gee vir mekaar, asook samehorige en emosionele ondersteuning. As jy op enige manier deur kanker geraak word is jy baie welkom!
Ons laaste byeenkoms vir die jaar is Dinsdag 2 Desember om 18:00 in die eerste vertrek in die Sentrum (Brandstraat).

---

**DIE ARK Kersbokse**

Die Ark se manne-kamp is daarop toegespits om skuiling en ondersteuning (deur Christus-gesentreerde lering & berading, werksterapie, sosiale bystand en lewensvaardighede programme) aan die in nood te voorsien. Die Ark wil persone se waardigheid herstel en hulle ʼn nuwe kans gee. 100 van die inwoners is bejaardes, gestremd of geestesgesondheid gevalle en hulle gaan almal Kersfees by Die Ark vier. Ons Barmhartigheid Aksiespan wil graag aan hierdie mans weer elkeen ʼn Kersgeskenk gee met slegs die volgende in:



- Seep
- Paar sokkies of ʼn beanie
- Iets lekkers soos ʼn pak kaarte, koffie beker, soduko of blokkiesraaiselboek (slegs een item)
- Waslap
- Handeroom
- Tandepasta
- Tandeborsel
- Pakkie koekies/lekkers

Pakkies kan teen 17 Desember by die kerkkantoor afgegee word.

**Kerstafel**



As Kersdag swaar voor jou, of julle, lê omdat die etenstafel by die huis alleen en eensaam voel, nooi ons jou graag na ons Kerstafel.

Kom kuier op 25 Desember saam in die Kuiersaal vanaf 12:00. Bring jou eie eet- en drinkgoed, asook breekware. Daar sal 'n vuur vir 'n vleisie op die kole wees.

## Ontdek

**Gemeente Piekniek**



Op Sondag 7 Desember om 09:30 hou ons piekniek by Helderberg Natuurreservaat. Daar sal geen erediens wees nie, maar wel 'n aanlyn boodskap om 09:30.

Bring jou naastes & 'n piekniek mandjie om die oggend saam te geniet.

Die toegangsfooie is as volg:

| | |
|---|---|
| Motor - R20 | Volwassene - R30 |
| Kind (3-17) - R20 | Kind onder 3 - Verniet |
| Student (studente kaart) - R20 | Pensionaris (ID) - R20 |

**Kerssangdiens 2025**



STRAND-NOORD NG GEMEENTE

# Kerkraad 2026 voorstelling - 30 November 2025

| | |
|---|---|
| Kerkraad Voorsitter | Leon Mostert |
| Kerkraad Ondervoorsitter | Francois Dowling |
| Finansies Voorsitter | Lillibé de Jager |
| Finansies Ondervoorsitter | Nico Ackhurst |
| Eiendomme Voorsitter | Danie Pienaar |
| Eiendomme Ondervoorsitter | Fanie van der Linde |
| Barmhartigheid Voorsitter | Stephan Viljoen |
| Barmhartigheid Ondervoorsitter | Karen de Beer |
| Gemeentebediening Voorsitter | Herman Viljoen |
| Gemeentebediening Ondervoorsitter | Mark Victor |
| Jeug Voorsitter | Bianca Nortjé |
| Jeug Ondervoorsitter | Pieter Stears |
| Diensverhoudinge Voorsitter | Hardus van Heerden |
| Diensverhoudinge Ondervoorsitter | Henri du Toit |
| Getuienis Voorsitter | Stephan Kotze |
| Getuienis Ondervoorsitter | Marthie Leach |
| Lidmaatversorging Voorsitter | Carina Bresler |
| Lidmaatversorging Ondervoorsitter | Kobie du Preez |
| Fees Voorsitter | Gerda de Bruyn |
| Fees Ondervoorsitter | Hanlie Badenhorst |
| Eredienste | Steph du Toit |
| Leraar | Leon Marais |
| Leraar | Jako Visser |

**Vakature: Koster**

Aansoek word ingewag tot 15 Desember 2025 van persone wat aan die volgende vereistes voldoen:

- Fisies sterk, gesond en energiek
- Goeie tegniese vaardighede, kennis van rekenaars- en klank sisteme
- Goeie organisasievermoë en vooruitdenkend
- Bereidheid om pligte uit te voer buite normale werkstye
- Vermoë om goeie menseverhoudinge te handhaaf
- Ervaring in toesighouding oor personeel en vermoë om in spanverband te werk
- Vermoë om inisiatief aan die dag te ê
- Vermoë en ondervinding om werk te beplan en te koördineer
- Sober gewoontes en verkieslik lidmaat van 'n Christelike kerk
- Woon binne maklike bereik van die Kerksentrum

Pligte sal onder andere die volgende insluit:

- Ontvangs en skakelbord
- Skoonmaak
- Voorbereiding met oog op gemeente- en ander aktiwiteite
- Herstelwerk en instandhouding
- Toesighouding
- Administratiewe werk
- Aankope

Voorkeur sal gegee word aan persone met ervaring as koster.

- Diensaanvaarding: 1 Maart 2026

Rig 'n kort motiveringsbreif en 'n CV wat die kandidaat se ervaring aantoon ten opsigter van bogenoemde pligte aan:

Die Voorsitter: Diensverhoudinge
NG Kerk Strand-Noord
Brandstraat 70
Strand
7140
Tel:021 853 7223
E-pos: info@ngkstrandnoord.co.za

STRAND-NOORD
NG GEMEENTE

# Dankie vir jou bydrae!

**Verkies EFT?**
NG Kerk Strand-Noord
Absa, tjekrekening
Rek no. 420 580 037
Takkode 632005

Geen kontant?
Geen probleem!

SnapScan

**Leon F Marais**
Leraar
leon@ngkstrandnoord.co.za
082 786 4371

**Jako J Visser**
Leraar
jako@ngkstrandnoord.co.za
082 477 6156

**Vicky Dippenaar**
Skriba
info@ngkstrandnoord.co.za
076 147 3039
021 853 7223